**JUNIOR JEUG ALPHA**
**Sessie 13: Wat van die Kerk?**

**Doel van les:**

- Ons gesels vanaand met die kleintjies oor wat kerk is en wat dit beteken om deel van God se kerk te wees.

**Ysbreker 1: Legkaart soek:** Print 'n eenvoudige prentjie en knip dit in stukke om legkaarte te vorm, of neem eenvoudige legkaarte met nie baie stukke nie en gooi als deurmekaar. Sorg dat elke groep 'n legkaart het. Gee vir elke groep 'n stuk van hulle legkaart sodat hulle al hulle stukke sal kan identifiseer. Laat die kinders nou een uit elke groep na die hopie legkaarte hardloop om 'n stuk van hulle legkaart te soek, en dit dan terugneem na hulle groep toe. Kyk wie se legkaarte eerste klaar gebou is.

Julle moes as 'n span saamwerk en elkeen moes sy deel doen om die legkaarte te kon bou. Jesus het ook 'n span wat elkeen 'n spesiale werk het – Jesus se kerk. Ons gaan vanaand so bietjie oor die kerk gesels.

**<u>Groepwerk:</u>**
In julle groep skryf al die woorde neer wat by die groeplede opkom wanneer hulle die woord "Kerk" hoor. Gee kans vir terugvoer.
Haal utility messie uit (Swiss army knife). Hierdie messie het baie dele, maar dis een messie. 'n Kerk het ook baie mense wat almal 'n werk het wat hulle moet doen.

## <u>DINK-RAAM</u>

Soos ons nou gehoor het voel mense verskillende goed wanneer hulle aan die kerk dink, party is goed en party is sleg. In Heb 10:24-25 staan dat ons nie moet wegbly van die samekoms van gelowiges – die Kerk nie. Dit beteken ons moet sel en kerk toe gaan, want dis vir God belangrik. Ons gaan vanaand so bietjie kyk wat die kerk nou eintlik is, en hoekom dit belangrik is om kerk toe te gaan.

**Ons help mekaar - saam is ons beter – Prediker 4:9-10**
Ek kry 'n vrywilliger om te kyk hoeveel swaar boeke hy/sy op sy/haar arms kan hou. Die boeke raak later so swaar dat hy/sy dit nie langer alleen kan vashou nie. Ek gee hom/haar die opsie om vir maatjies te vra om te kom help.
Soms raak dinge vir ons moeilik en dit voel of ons net wil opgee. God gee ons 'n wonderlike geskenk – 'n groep vriende by die kerk wat saam met ons Jesus volg en ons help deur moeilike tye.

**Kerk is 'n familie / huisgesin van God – Ef 2:19**

Ek wys 'n prentjie van 'n familie op die bord.
Vrae in groepies:

- Wat is van die goed wat families doen? (Gaan saam met vakansie, deel met mekaar, is lief vir mekaar.)
- Hoe behandel familie mekaar? (Hulle sorg vir mekaar, laat 'n familielid beter voel wanneer hulle hartseer of siek is.)

Wanneer ons ons harte vir Jesus gee, word ons deel van God se familie. Ons is mos God se kinders. Almal in God se kerk is nou familie en ons moet mekaar ook help, lief wees vir mekaar en al die mooi dinge wat 'n familie vir mekaar doen, moet in God se familie wees.)

**Baie dele, maar saam 'n eenheid – Rom 12:4**

Deel die groep op in drie spanne. Gee vir elke kind in die spanne 'n gem, maar die spanlede moet nie dieselfde kleur kry nie. Sit 'n groot stuk ongedrukte koerantpapier per groep aan die oorkant van die vertrek neer. Verduidelik dat hulle elkeen se taak is om iets op 'n plaas te teken. Die voorwerp wat hulle teken moet iets wees wat werklik daardie kleur is wat hulle gekry het. Hulle hardloop een-een na hulle ongedrukte koerantpapier en kry 15 sekondes om die voorwerp te teken. Dan moet hulle terughardloop en die volgende een in die groep kom om te teken.

Al het elkeen se kryt anders gelyk, het julle saam 'n pragtige prentjie gemaak. In die kerk is daar ook baie mense wat anders lyk. Een sing baie mooi en iemand anders kan weer mooi teken, maar saam gebruik God ons om iets pragtigs vir Hom in die wêreld te doen waar mense Hom nie ken nie.

**Ons hou mekaar warm en vol passie – 1 Kor 14:3**
Ek bring 'n bak vol popcorn, ek haal een korrel popcorn uit en sit dit eenkant neer. Die stoom trek baie vinnig nie meer uit dit uit nie, want dit raak koud op sy eie.

**Kerk is nie 'n gebou nie, maar mense – Ef 2:20-22**
Maak 'n kerk uit 'n struktuur, uit die struktuur haal ek mense, en skuif die struktuur eenkant toe.

**Ek en jy is die kerk – 1 Pet 2:5**
Elke groepleier bring vir my 'n spieël saam, en stuur dit om sodat die kinders daarin kan kyk.

**Dra mekaar se laste – Gal 6:2**

Doen 'n resies tussen die meisies en die seuns. Die leiers dra die kinders op hulle hande en ons kyk watter groep eerste klaar is.

**Ons leiers gaan nou vir julle drie dinge kom wys en julle moet kyk of julle kan raai wat hulle vir julle probeer wys oor wat kerk is.**

**1. Ons word geleer – Hand 2:42**
Leier kom staan voor met 'n Bybel in die hande en beduie na die kinders en maak handgebare. Kyk of kinders kan raai wat die leier doen.

**2. Belei sondes en bid vir mekaar – Jak 5:16**
Twee leiers kom vorentoe – hulle gaan sit by mekaar en praat met mekaar, die leier sit hande op die ander een se skouers en 'bid' vir die ander een.

**3. Versterk mekaar, praat mekaar moed in – Rom 1:12 en 1 Tess 5:11**
Roep leier en 'n kind vorentoe, die leier sit 'n arm om die kind se skouers, en gesels soos iemand wat moed inpraat, gee op die einde 'n drukkie vir die ander een.

**God se teenwoordigheid – Lees Matt 18:20**
Al kan ons God nie sien nie kan ons weet dat Hy hier by ons is soos wat ons nou as Sy kerk bymekaarkom.

Kinders kan die prentjie van die duif inkleur.

Sluit af met gebed.